# SONDAGSKOOL LES – Die doel van die Bybel

**Doel van les:**

- Kinders leer die doel van die Bybel.

**Ysbreker:**

- **En God het gesê toets:** Gee vir elke groep 'n En God het gesê uitdeelstuk. Die groepe moet die stellings bespreek en kyk of hulle kan besluit watter stellings kom uit die Bybel uit. Wanneer kinders klaar is, gaan deur die antwoorde met hulle.

**Groepbespreking:**

- Was dit moeilik om te besluit watter stellings kom uit die Bybel? (Dit was baie moeilik; als het geklink asof dit dieselfde is; ek het nie geweet van die goed staan in die Bybel nie)
- Hoe het dit gevoel toe jy nie geweet het watter om te kies nie? (Gefrustreerd; verward)
- Hoe is dit baie soos die manier hoe die vroeë Christene moes gevoel het toe hulle moes besluit wat om in te sluit in die Nuwe Testament? (Hulle het moontlik oorweldig gevoel; hulle was seker ook gefrustreerd)
- Hoe het dit gevoel toe ek kom help het? (Verlig; meer selfvertroue oor die antwoorde)
- Hoe kan dit dieselfde wees as hoe die vroeë Christene moes gevoel het in die wete dat die Heilige Gees hulle help om die Bybel saam te stel? (Goed; bly om te weet dat nie als rus op hulle skouers nie)

Kry terugvoering van die groepe.

**Aktiwiteit:**

Ek gaan nou 'n klompie stellings lees oor die Bybel. Luister soos ek lees en elke keer wat ek iets lees wat jy nie geweet het nie, skuif dan een sitplek na regs. As die plek iemand het wat reeds daarop sit, dan skuif jy aan na die volgende beskikbare plek.

Leesstuk: Dit was seker nie maklik vir die vroeë Christene om te besluit watter boeke God in die Nuwe Testament wou gehad het nie. Teen daardie tyd was die Ou Testament – die deel van die Bybel wat voor Jesus se geboorte geskryf is – alreeds geskryf en aanvaar deur God se volk.

Om te besluit wat in die Nuwe Testament moes kom was moeilik. Daar was baie boeke en briewe wat deur Christene geskryf is in die eerste 100 jaar na Jesus se dood. Nie al hierdie boeke het in die Bybel behoort nie. So in die tweede eeu na Jesus se dood, het die Christene met 4 basiese vrae vorendag gekom om hulle te help met die besluit oor watter boeke en briewe in die Bybel moes kom:

1. Is die boek of brief geskryf of goedgekeur deur 'n apostel?
2. Was die inhoud geestelik?
3. Het die boek of brief bewys dat dit deur God geinspireer is?
4. Het meeste van die kerke dit aanvaar?

Hierdie vrae het die besluit baie makliker gemaak, maar dit het steeds omtrent 200 jaar geneem om die taak gedoen te kry. Die Bybel is uiteindelik volledig verklaar deur 'n raad van kerkleiers in 397 Na Christus. En dis steeds dieselfde vandag.

Na die leesstuk, laat die kinders weer na hulle oorspronklike plekke skuif.

Soos julle kan sien, is daar baie rondom die samestelling van die Bybel wat ons nie weet nie. God het seker gemaak dat ons die Bybel kry en dis omdat Hy 'n spesiale doel met die Bybel het. Kom ons kyk wat die doel is.

**Aktiwiteit:**

Gee vir elke groep die volgende teksverse: Deuter 31:9-13, Joh 20:30-31, 2 Tim 3:15-16. Julle gaan nou 'n tydjie kry om deur die teksverse te lees en dan moet julle 'n nuusberig, wetenskaplike aankondiging of skit maak om vir die ander te verduidelik wat die doel van die Bybel is volgens hierdie gedeeltes.

**Afsluiting:**

Ons kan weet dat die Bybel 'n baie spesiale doel het en dat God verseker het dat ons die Bybel het om ons te help. Dis God se boodskap aan ons en dus is dit baie belangrik dat ons die Bybel elke dag lees sodat ons nie die boodskap mis nie.

Sluit af in groepe met gebed.

**En God het gesê:**

1. Die pad na sukses is altyd onder konstruksie – Albert Einstein
2. God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien – Fillipense 4:19
3. Ek en my huis, ons sal die Here dien – Joshua 24:15
4. Die vrees vir God maak alle ander vrese dood – Hugh Black
5. Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker – Spreuke 9:17
6. Wanneer jy vergewe verander jy nie die verlede nie, maar wel die toekoms – Bernard Meltzer
7. Die liefde vergaan nooit nie – 1 Korinthiërs 13:8
8. Volgende keer as God jou vra om vir Hom te praat en jy voel hoe die vrees in jou opkom, onthou: As Hy jou gestuur het, sal Hy ook jou mond bystaan en jou leer wat om te sê – Joyce Meyer
9. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie – Rom 12:21
10. Goeie mense gaan nie hemel toe nie, gelowiges gaan hemel toe – Angus Buchan

**En God het gesê:**

1. Die pad na sukses is altyd onder konstruksie.
2. God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien.
3. Ek en my huis, ons sal die Here dien.
4. Die vrees vir God maak alle ander vrese dood.
5. Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker.
6. Wanneer jy vergewe verander jy nie die verlede nie, maar wel die toekoms.
7. Die liefde vergaan nooit nie.
8. Volgende keer as God jou vra om vir Hom te praat en jy voel hoe die vrees in jou opkom, onthou: As Hy jou gestuur het, sal Hy ook jou mond bystaan en jou leer wat om te sê.
9. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.
10. Goeie mense gaan nie hemel toe nie, gelowiges gaan hemel toe.

**En God het gesê:**

1. Die pad na sukses is altyd onder konstruksie.
2. God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien.
3. Ek en my huis, ons sal die Here dien.
4. Die vrees vir God maak alle ander vrese dood.
5. Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker.
6. Wanneer jy vergewe verander jy nie die verlede nie, maar wel die toekoms.
7. Die liefde vergaan nooit nie.
8. Volgende keer as God jou vra om vir Hom te praat en jy voel hoe die vrees in jou opkom, onthou: As Hy jou gestuur het, sal Hy ook jou mond bystaan en jou leer wat om te sê.
9. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.
10. Goeie mense gaan nie hemel toe nie, gelowiges gaan hemel toe.